# INHOUD PER KWARTAAL

# • NATUURWETENSKAP •

## GRAAD 4

### KWARTAAL 1

• Lewende & Nie-lewende Dinge • Strukture van Plante en Diere •

• Groei van Plante • Habitatte van Diere • Strukture vir Diereskuilings •

### KWARTAAL 2

• Materiale Rondom Ons • Vastestowwe •

• Versterking van Materiaal • Sterk Raamstrukture •

### KWARTAAL 3

• Energie en Energie-Oordrag • Energie Rondom Ons •

• Beweging & Energie in 'n Sisteem • Energie & Klank •

### KWARTAAL 4

• Planeet Aarde • Die Son •

• Die Aarde & die Son • Vuurpylsisteme • Die Maan •

*Geen inligting, toetse, memorandums, opsommings, dokumente, aanhangsels mag gereproduseer, gekopieer, versprei en/of herverkoop word op enige manier sonder die geskrewe toestemming van My A Plus (Edms) Bpk nie.*

 © Kopiereg 2018-2024. My A Plus (Edms) Bpk. Kopiereg voorbehou.


# VOOERBEELD:
# UITTREKSEL UIT 'n VRAESTEL



# • NATUURWETENSKAP •

## GRAAD 4

## KWARTAAL 1

• Lewende & Nie-lewende Dinge • Strukture van Plante en Diere •

• Groei van Plante • Habitatte van Diere • Strukture vir Diereskuilings •

© My A Plus ©

# Afdeling A | Meervoudige keuse

1. Omkring die letter met die regte antwoord.

1.1 Watter opsie is nie-lewend?

A gis
B eier
C vuur
D paddastoel

1.2 Waar kry 'n kuiken voedsel as hy nog nie uitgebroei het nie?

A eiergeel
B eierwit
C eierdop
D 'n kuiken het eers voedsel nodig as hy uitgebroei het

1.3 Waar kry 'n kuiken lug as hy nog nie uitgebroei het nie?

A van die eiergeel
B van die eierwit
C deur die eierdop
D 'n kuiken het eers lug nodig as hy uitgebroei het

1.4 Watter een van die onderstaande opsies het nie voorheen gelewe nie?

A hout
B grond
C fossiele
D olie

1.5 Wat is die funksie van sade?

A Kos vir voëls
B Lok insekte
C Absorbeer water
D Vorm nuwe plante

1.6 Wat is die funksie van blare?

A Gebruik sonlig om kos vir die plant te maak
B Hou blomme regop
C Vorm nuwe plante
D Absorbeer water en mineraalsoute

© My A Plus ©

1.7 Wat is die funksie van wortels?

A Gebruik sonlig om kos vir die plant te maak
B Vorm nuwe plante
C Dra die blare en blomme
D Absorbeer water en mineraalsoute

1.8 Waarvoor word ledemate gebruik?

A waarneming
B voeding
C beweging
D asemhaling

1.9 Watter een is nie 'n sintuiglike orgaan nie?

A oog
B brein
C oor
D neus

1.10 Watter een van die volgende het geen ledemate nie?

A krokodille
B slange
C arende
D haaie

1.11 Waarom het plante lig nodig?

A om kos te maak
B om regop te bly
C vir hitte
D plante het nie lig nodig nie

1.12 Wanneer groei plante die beste?

A tydens 'n hittegolf
B wanneer dit baie koud is
C wanneer dit nie te warm of te koud is nie
D wanneer dit sneeu

© My A Plus ©

 © Kopiereg 2018-2024. My A Plus (Edms) Bpk. Kopiereg voorbehou.


1.13 Waar kry nuwe saailinge kos?

A Van die moederplant
B Van die son
C Uit die grond
D Van die saad wat kos gestoor het

1.14 Wat is 'n sebra se natuurlike habitat?

A woude
B grasvelde
C berge
D grotte

1.15 Watter opsie is korrek?

A Grasvelde het baie bome
B Grasvelde kry winter reënval
C Grasvelde is warm in die somers en koud in die winters
D Grasvelde kry reg deur die jaar reën

1.16 Wat is 'n skilpad se skuiling?

A sy dop
B 'n gat in die grond
C 'n nes
D 'n holte in 'n boom

## Afdeling B | Waar of vals

1. Is die volgende stelling waar of vals?

1.1 Kieme is nie-lewende dinge ____________

1.2 'n Saad is lewend ____________

1.3 As iets een van die lewensprosesse kan doen, dan is dit 'n lewende ding ____________

1.4 Kos, water en hitte laat gis groei ____________

1.5 Water en suurstof het nog nooit gelewe nie ____________

1.6 Sade word binne blomme gevind ____________

© My A Plus ©